**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer: A194/2010

In die appèl tussen:-

| | |
|---|---|
| **JOSEPH PAPA KOKOMI** | Eerste Appellant |
| **JOSEPH MONELLWA** | Tweede Appellant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | RAMPAI, R et VAN ZYL, R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | VAN ZYL, R |
| **GELEWER OP:** | 5 MEI 2011 |

---

1] Appellante het in die Streekhof, Kroonstad, tereggestaan op ŉ aanklag van roof met verswarende omstandighede. Dit is beweer dat appellante op of omtrent 18 September 2007 te Marabastad, Kroonstad, wederregtelik en opsetlik vir Safraz Ahamed (hierinlater na verwys as "die klaer") gedreig het met ŉ vuurwapen en daarop met geweld goedere ter waarde van R2 448.90 van hom ontneem het. Beide appellante het regsverteenwoordiging geniet ten tyde van

die verrigtinge in die Hof *a quo* en het hulle onskuldig gepleit. Beide appellante is egter op 3 Augustus 2009 skuldig bevind op voormelde aanklag en is hulle op 26 November 2009 elk gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf.

2] Appellante se appèl is slegs gerig teen hul opgelegde vonnisse, verlof waarvoor deur die Verhoorhof aan appellante toegestaan is op 26 April 2010.

3] Die feitelike agtergrond tot die aanklag waarop appellante tereggestaan het, is kortliks die volgende. Die klaer was die eienaar was ŉ winkel te Marabastad, Kroonstad. Op 18 September 2007 om ongeveer 12 uur die middag was hy by sy winkel toe drie jong mans hom genader het onder die voorwendsel dat hulle yslollies wil koop. Toe die klaer egter oor die vrieskas gebuk het ten einde die yslollies uit te haal, het een van die drie mans ŉ vuurwapen op hom gerig, terwyl die ander twee mans hom aangerand het deur hom te slaan. Hierdie drie mans was die twee appellante, tesame met ŉ derde persoon, synde Petrus Lenyeta, wie aanvanklik saam met die appellante tereggestaan het, maar wie skuldig gepleit het op die ten laste gelegde misdryf en

ten opsigte van wie daar gevolglik 'n skeiding van verhore plaasgevind het. Nadat die appellante en Petrus Lenyeta die klaer aldus beroof het, het hulle weggehardloop vanaf die winkel. Hulle is egter baie kort daarna arresteer met die gesteelde goedere in hul besit en het die klaer al die gesteelde goedere teruggekry. Die klaer is nie ernstig beseer in die proses nie en het slegs kneusings opgedoen. Geen skote is met die vuurwapen afgevuur ten tyde van die rooftog nie.

Petrus Lenyeta het as staatsgetuie getuig teen die appellante in die Hof *a quo*. Uit Petrus Lenyeta se getuienis blyk dit dat hy die persoon was wat die vuurwapen gehad het voor die rooftog, aangesien die vuurwapen aan sy oom behoort het. Hy het egter wel hierdie vuurwapen aan beide appellante getoon voor die rooftog en was hul dus bewus dat die vuurwapen op een of ander wyse gebruik sou word om die rooftog uit te voer. Hoewel die klaer getuig het dat hy deur beide appellante aangerand is, het Petrus Lenyeta getuig dat slegs tweede appellant die klaer aangerand het, terwyl eerste appellant die gesteelde goedere bymekaar gemaak het. Die vuurwapen is deurentyd gedurende die

rooftog slegs deur Petrus Lenyeta hanteer.

4] Dit moet vermeld word dat na kort kruisondervraging van Petrus Lenyeta namens eerste appellant, het eerste appellant se regsverteenwoordiger aangedui dat eerste appellant wens sy pleit te verander deur skuldig te pleit op 'n aanklag van roof (nie roof met verswarende omstandighede nie), gegewe die feit dat dit uit Petrus Lenyeta se getuienis geblyk het dat eerste appellant nie die vuurwapen hanteer het nie en ook op geen stadium die klaer aangerand het nie. Hierdie pleit is egter nie deur die Staat aanvaar nie. Eerste appellant het sy saak gesluit sonder om getuienis aan te bied. Tweede appellant het wel in sy eie verdediging getuig en volhard met sy onskuld.

5] Die Hof *a quo* het egter daarop beide appellante skuldig bevind op die ten laste gelegde aanklag, heeltemal tereg, op die basis dat hulle tesame met Petrus Lenyeta met gemeenskaplike opset opgetree het ten tyde van die rooftog.

6] Wat die opgelegde vonnis van elk van die appellante betref,

was die tersaaklike voorgeskrewe minimum vonnis ooreenkomstig die bepalings van Artikel 51(2) gelees met Deel 2 van Bylae 2 van Wet 105 van 1997, vyftien jaar gevangenisstraf. Die Hof *a quo* het egter bevind, na my mening ook korrek so, dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig. Mnr. Van Rensburg, namens appellante, het egter ten tyde van die aanhoor van die appél betoog dat die opgelegde vonnisse van tien jaar elk egter steeds in die omstandighede van hierdie saak skokkend onvanpas is en dat die erns van die misdryf en die gemeenskapsbelang oorbeklemtoon is ten koste van appellante se persoonlike omstandighede.

7] Wat die persoonlike omstandighede van appellante betref, was hulle 18 jaar oud ten tyde van die voorval, skoliere in Graad 11 en eerste oortreders. Tweede appellant het ter strafversagting ook getuig dat hy ten tyde van vonnisoplegging as algemene arbeider werksaam was waar hy R400.00 per twee weke verdien het. Hy is ongetroud, met geen kinders en sy moeder is van sy versorging afhanklik.

8] ʼn Baie belangrike faktor wat na my mening ten gunste van appellante in oorweging geneem moet word, is die feit dat beide appellante vanaf 18 September 2007 tot 27 Februarie 2009, dit wil sê byna 17 maande, as verhoorafwagtendes in hegtenis verkeer het. Hulle is eers op daardie laat stadium van die verrigtinge op waarskuwing vrygelaat. Dit blyk nie uit die oorkonde dat laasgenoemde lang tydperk wat appellante verhoorafwagtend was, pertinent deur hul regsverteenwoordigers in die Hof *a quo* aan die voorsittende beampte uitgewys is nie en het die voorsittende beampte ten tyde van vonnisoplegging slegs daarna verwys dat appellante "vir ʼn tyd" aldus in hegtenis verkeer het.

9] Wat die erns van die misdryf betref, het mnr. Van Rensburg tereg daarop gewys dat appellante op geen stadium die vuurwapen hanteer het nie. Verdermeer is die klaer nie tydens die voorval met die vuurwapen beseer nie, maar was hy bloot gedreig met die wapen. Die klaer is ook nie ernstig beseer tydens die rooftog nie. Verdermeer is al die geroofde goedere teruggevind, hoewel dit weliswaar nie

deur die toedoen van appellante was nie, maar eerder deur die vinnige optrede van die polisie.

10]Die Hof *a quo* het in die vonnis uitspraak daarna verwys dat appellante se aanvanklike mede-beskuldigde, Petrus Lenyeta, reeds op daardie stadium skuldig gepleit het en gevonnis was tot tien jaar gevangenisstraf. Dit blyk dat na aanleiding hiervan, die Hof *a quo* van oordeel was dat tien jaar gevangenisstraf ook in die onderhawige geval 'n gepaste vonnis is. Mnr. Van Rensburg het egter in sy betoogshoofde en ook ten tyde van die aanhoor van die appèl daarop gewys dat Petrus Lenyeta teen sy opgelegde vonnis van tien jaar gevangenisstraf geappelleer het en op 4 Februarie 2010 onder appélnommer A279/2009, is die opgelegde vonnis deur Cillié R en Mocumi R op appèl verminder na 6 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar gevangenisstraf opgeskort is vir 5 jaar op sekere voorwaardes. 'n Afskrif van hierdie uitspraak was ook aangeheg tot mnr. Van Rensburg se betoogshoofde, waarvoor hy bedank word. In paragraaf 6 van laasgenoemde uitspraak het Cillié R as volg bevind:

> "Dit is waar dat direkte langtermyn gevangenisstraf vir die appellant onvermydelik is. Dit beteken egter nie dat tien jaar gevangenisstraf soos die Landdros opgelê het die enigste gepaste periode van langtermyn gevangenisstraf is nie. Ek sou reken dat inagnemende die appellant se jeugdigheid veral en die feit dat hy 'n eerste oortreder is langtermyn gevangenisstraf waarvan 'n deel opgeskort is meer vanpas sou wees. Die vonnis wat ek meen gepas is verskil dermate van die opgelegde vonnis dat dit inmenging noodsaak."

11]Hoewel die geval van Petrus Lenyeta verskil van die onderhawige appèl deurdat Petrus Lenyeta, anders as appellante, skuldig gepleit het, is ek van oordeel dat hierdie verskil negeer word deur die feit dat Petrus Lenyeta duidelik die leidende rol in die rooftog gespeel het deur die verskaffing van die vuurwapen en die hantering daarvan, asook deur die feit dat Petrus Lenyeta slegs 6 maande as verhoorafwagtende in hegtenis verkeer het. In die onderhawige geval appellante wel nie skuldig gepleit nie, maar het hulle op geen stadium die vuurwapen hanteer nie en was hulle, soos reeds genoem, 17 maande as verhoorafwagtendes in hegtenis.

12]Wanneer voormelde feite en omstandighede in ag geneem word, is ek van mening dat daar geen basis is waarop 'n onderskeid getref kan word tussen die appèl van Petrus Lenyeta en die onderhawige appèl van appellante nie. Mnr. Strauss, namens die Staat, het ook ten tyde van sy betoog in die Hof toegegee, volgens my heeltemal tereg, dat daar geen objektiewe regverdiging is vir die verskil in vonnis tussen die twee gevalle nie.

13]Gevolglik is ek van oordeel dat die vonnis wat op appèl vir appellante se mede-beskuldigde opgelê is onder appèlnommer A279/2009, ook 'n gepaste vonnis in die onderhawige geval daarstel.

14]Derhalwe word die volgende bevele gemaak:

1. Die skuldigbevinding van beide appellante word bekragtig.

2. Die appèl van beide appellante teen hul opgelegde vonnis slaag, die opgelegde vonnis van beide

appellante word tersyde gestel en vervang met die volgende:

Ses (6) jaar gevangenisstraf waarvan twee (2) jaar opgeskort word vir vyf (5) jaar op voorwaarde dat appellante nie weer skuldig bevind word aan roof of enige ander misdryf waarvan geweld teenoor die persoon van ’n ander ’n element is en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete opgelê word nie.

3. Laasgenoemde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 26 November 2009.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

**M.H. RAMPAI, R**

Namens die appellante: Adv. T.B. Van Rensburg

In opdrag van:
Die Regshulpraad
KROONSTAD

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Adv. M. Strauss<br>In opdrag van:<br>Kantoor van die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |